KENNISGEWING 5 VAN 2017

KENNISGEWING VAN AANSOEK OM WYSIGING VAN DORPSBEPLANNINGSKEMA INGEVOLGE ARTIKEL 56(1)(b)(i) VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE 1986 (ORDONNANSIE 15 VAN 1986)

KENNISGEWING: BRITS DORPSBEPLANNINGSKEMA 1/1958 – WYSIGINGSKEMA NO.1/714

Ons, Lombard Du Preez Professionele Landmeters (Edms) Bpk, synde die gemagtigde agent van die eienaar van Erwe 331, 335 en 3340 Brits Dorp, gee hiermee ingevolge artikel 56(1)(b)(i) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, saamgelees met die relevante bepalings van die Ruimtelike Beplanning en Grondgebruik Bestuur Wet, 2013 (Wet 16/2013), kennis dat ons by die Plaaslike Munisipaliteit van Madibeng, aansoek gedoen het om die wysiging van die Dorpsbeplanningskema bekend as die Brits Dorpsbelanningskema, 1/1958, deur die hersonering van (1) Erwe 331 en 335 vanaf “Spesiale Woon” en (2) Erf 3340 vanaf “Spesiaal vir winkels, besigheidsgeboue, Professionele kamers, werkswinkel (uitgesluit voertuigherstelwerk), restaurant en bakkery”, met ‘n maksimum hoogte van 2 verdiepings, ‘n dekking van 60% en ‘n vloerruimte-verhouding van 1,2, almal na “Spesiaal vir winkels, besigheidsgeboue, Professionele kamers, werkswinkel (uitgesluit voertuigherstelwerk), restaurant en bakkery” met ‘n maksimum hoogte van 2 verdiepings, ‘n dekking van 35% en ‘n vloerruimteverhouding van 0,7. Die eiendomme is geleë langs die suid westelike grens van Macleanstraat, tussen Ludorf- en Harringtonstraat.

Besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die Munisipale Kantore, 52 Van Veldenstraat, Brits, vir ‘n tydperk van 28 dae vanaf 10 Januarie 2017.

Besware teen of vertoë ten opsigte van die aansoek moet binne ‘n tydperk van 28 dae vanaf 10 Januarie 2017 skriftelik by of tot die Munisipale Bestuurder by bovermelde adres of aan Posbus 106, Brits, 0250, ingedien of gerig word.

Adres van agent: **LOMBARD DU PREEZ** Professionele Landmeters (Edms) Bpk, Posbus 798, Brits, 0250. Tel. (012) 252 5959.

10-17